# Onrus en geweld: 2009 (2)

## Algemeen

Die verslagtydperk word deur geweld deur polisie teen verdedigingsmaglede tydens stakings en teen munisipale werkers gekenmerk (Van Rooyen en Du Toit 'Polisie skiet op soldate' *Beeld* (2009-08-27) 1; Coetzee 'Hardhandige polisie-optrede het geweld vererger tydens diensleweringbetogings, wys navorsing' *Beeld* (2009-09-03) 6). Skole in die Oos-Kaap het gevra dat lyfstraf weer ingebring word omdat dit baie moeilik is om orde in dié skole te handhaaf (*Legalbrief Today* (2009-08-11) www.legalbrief.co.za).

Die Minister van Polisie wil weer eens 'n moratorium op misdaadstatistieke plaas omdat misdadigers die statistieke tot hulle voordeel sou gebruik (Fourie 'Bewys hoe misdaadstatistieke boewe help, eis DA van Cele' *Beeld* (2009-08-03) 4). Daar is navorsing wat bewys dat klagtes (onder meer oor verkragting) nie by polisiekantore aangeteken word nie om die statistieke laag te hou (*Legalbrief* (2009-06-29)). Aan die ander kant is lede van die polisiediens dissiplinêr verhoor omdat hulle misdaadstatistieke sou gemanipuleer het (*Legalbrief* (2009-07-02)).

Intussen het die aanstelling van die nuwe nasionale polisiekommissaris ook heelwat reaksie uitgelok. 'n Groot punt van kritiek teen die aanstelling van kommissaris Bheki Cele is dat hy nie genoeg ervaring het van die daaglikse bestuur van 'n nasionale polisiemag nie (Anon 'Polisiehoof laat wenkbroue lig' *Burger* (2009-07-29) 19; Van der Walt 'Zero genade vir boewe' *Burger* (2009-07-30) 9.) Sy verdere uitlatings dat misdadigers geen genade onder sy bewind gaan ontvang nie, het verdere kommentaar uitgelok (Rademeyer 'Flambojante Cele maak "wilde uitlatings"' *Burger* (2009-07-29) 10; Anon 'Polisiebaas: skiet misdadigers' *Burger* (2009-08-05) 14.) Die aanstelling van die nuwe Polisiekommissaris is later gevolg deur uitsprake dat artikel 49 van die Strafproseswet 51 van 1977 hersien moet word om die beperking op lede van die Polisiediens om op verdagtes te skiet, te omseil (*Legalbrief Today* (2009-08-11)). Die Valke (opvolgers van die voormalige Skerpioene) het in Julie hulle werksaamhede binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens begin (Van Rooyen 'Valkoog nou op land se misdadigers gerig' *Beeld* (2009-07-07) 4).

Geweld in Suid-Afrikaanse skole is intussen besig om opspraakwekkend toe te neem. Daar is selfs in Brittanje oor die vlaag van geweld in Suid-Afrikaanse skole berig (Anon 'Britse media skryf ook geweld in SA skole' (*Burger)* 2009-07-07) 4.)

In hierdie joernaal word waarheid en versoening bespreek, sowel as die jongste wetgewing, hofsake, verslae en ander maatreëls met betrekking tot waarheid en versoening, die veiligheids- en korrektiewe dienste, wapens en terrorisme.[1]

## Waarheid en versoening

Die applikant in *Du Toit v Minister for Safety and Security of the Republic of South Africa and the National Commission of the South African Police* (2009 ZACC 22, beslis op 2009-08-18) was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie. In 1996 is hy skuldig bevind aan moord op die sogenaamde 'Motherwell Four' en hy is uit die Suid-Afrikaanse Polisiediens ontslaan (para 4). Hy het teen sy skuldigbevinding geappelleer, maar die saak is hangende sy amnestie aansoek in terme van die Wet op Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening 34 van 1995 (Versoeningswet) uitgestel. Die versoek om amnestie is van die hand gewys maar die besluit is na hersiening deur die Kaapse Hoë Hof omvergewerp. Op 23 Desember 2005 het die applikant amnestie vir die moorde ontvang (paras 5-6). Voor hy die amnestie ontvang het, het hy 'n brief aan die Nasionale Kommissaris van Polisie geskryf waarin hy gevra het of hy weer aangestel sal word indien hy amnestie sou ontvang. Die Kommissaris het na aanleiding van artikel 20(10) van die Wet positief gereageer (para 6). Nadat die amnestie verleen is, het die applikant formeel aansoek gedoen om heraangestel te word, maar sy aansoek is van die hand gewys omdat hy nie aan artikel 36(2) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 68 van 1995 voldoen het nie (para 7). Artikel 36(2) bepaal onder meer dat 'n persoon wie se skuldigbevinding tersyde gestel word op appèl of hersiening sonder dat dit met 'n alternatiewe vonnis vervang word, binne 30 dae na sodanige beslissing om heraanstelling kan aansoek doen. Beide die Noord-Gautengse Hoë Hof en die Hoogste Hof van Appèl het die applikant se daaropvolgende aansoeke van die hand gewys (para 7-8).

Die applikant baseer sy aansoek in die Konstitusionale hof op drie gronde. Eerstens word aangevoer dat artikel 20(1) van die Versoeningswet remediërend van aard is en gevolglik retrospektiewe werking het. Amnestie se uitwerking is dat alle vorige handelinge herroep word - in dié geval ook die ontslag van die applikant uit die Suid-Afrikaanse Polisiediens na skuldigbevinding aan moord. In die tweede plek steun die applikant daarop dat die woorde 'appèl' en 'hersiening' in artikel 36(2) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens ook 'amnestie' insluit. Derdens dat die Polisiekommissaris in sy brief vermeld het dat die applikant weer aangestel sou word. Die respondente is van mening dat die aangeleentheid nie 'n grondwetlike kwessie is nie en dat dit eerder met wetsuitleg te make het. Tweedens is die Versoeningswet nie terugwerkend van aard nie. Die doel van die wet is nie sodanig dat persone wat skuldig is aan

---

[1] In hierdie joernaal word die belangrikste literatuur, wetgewing en hofbeslissings vir die periode 2009-04-16 tot 2009-09-01 bespreek.

misdade of menseregvergrype die gevolge van hulle handelinge voor die toekenning van amnestie ontglip nie. Artikel 36(2) se toepassing kan nie deur amnestie geraak word nie. Amnestie kan nie aan appèl of hersiening, soos na verwys in artikel 36(2), gelykgestel word nie. (Sien paras 7-13.) Die brief van die Polisiekommissaris is nie geldig nie aangesien hy nie op daardie stadium sy diskresie kon uitoefen in terme van artikel 36(4) nie (para 13).

Die Konstitusionele Hof bevind dat die interpretasie van amnestie wel 'n grondwetlike kwessie is aangesien die Versoeningswet kragtens bylae 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 (interim Grondwet) uitgevaardig is. Die verband tussen amnestie en artikel 36 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens gee aan dié hof jurisdiksie (para 14). Die hof bevind dat dit nog steeds in belang van geregtigheid is om sake oor amnestie te hanteer (para 15-30).

Die hof ontleed artikel 20(10) van die Versoeningswet en bevind dat dit terugwerkend van aard is. Die wetgewing handel juis oor handelinge wat in die verlede plaasgevind het. Die vraag wat die hof moet bepaal, is waar die grense van die terugwerkendheid lê (para 34). Die hof argumenteer dat (paras 44-45):

> Thus from the date on which amnesty is granted, the direct legal consequences of the criminal conduct for which amnesty was granted will no longer obtain. The provisions do not render steps lawfully taken before amnesty was granted unlawful. Nor do they undo certain legal consequences which were already complete by the time amnesty was granted. So, if a civil judgment has been granted, it will remain in force. If a portion of a sentence has been served, the sentence will lapse from the date of amnesty and will not be set aside from the date upon which the sentence was imposed ... This shows that the granting of amnesty does not obliterate all the direct legal consequences of conduct in respect of which amnesty is granted.

Die hof meld dat dit onmoontlik sou wees om 'n persoon totaal en al in die posisie te plaas wat hy of sy sou gewees het voor skuldigbevinding: 'To seek to undo all the consequences of the conviction would be an endless task and would place an undue burden on the state and third parties' (para 51). Die hof beslis ook dat die applikant hom nie daarop kan beroep dat die Versoeningswet 'n remediërende wet is wat in sy guns moet tel nie. Alhoewel die wet daargestel is om versoening te bewerkstellig en amnestie een van die middele was om dit te bereik, was dit nie die oogmerk van die wet 'to ameliorate hardship for the perpetrators of human rights abuses and to provide these perpretrators with remedies' nie (para 55). As die Versoeningswet so 'n wye interpretasie gee soos wat die applikant vra, sal dit die doel van die wet benadeel. Die hof verwoord dit soos volg (para 56):

> The concious decision by the legislature was that amnesty would allow people not to be trapped in the painful past, but to be given a pardoned freedom to go forth and contribute to society. Amnesty may forgive the past, but in South Africa it is intended to have the inherently prospecitve effect of national reconciliation and nation-building, for the past can never be undone. Only the future may be forged as desired.

Die hof bevind gevolglik dat die ontslag voor amnestie wettig was en dat die applikant se aansoek om weer in die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangestel te word, misluk (paras 57-58).

Die hof bevind verder dat amnestie nie met appèl en hersiening gelyk gestel kan word nie. Appèl en hersiening is geregtelike ondersoeke terwyl amnestie 'n administratiewe handeling behels (para 59). Die brief wat die Komissaris van Polisie geskryf het, kan verder nie as 'n bindende kontrak beskou word nie.

## Veiligheidsdienste

### *Polisiediens*

Die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 57 van 2008 het op 6 Julie 2009 in werking getree. Kragtens die Wysigingswet vervang die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaad (DPCI) die voormalige Direktoraat van Spesiale Operasies (DSO). Die fokus van die Direktoraat is op die bekamping van die drie misdaadsleutelgebiede, nl georganiseerde misdaad, ekonomiese misdaad en korrupsie. Transitorooftogte en kapings sal ook ondersoek word. Die Valke (in teenstelling met die voormalige Skerpioene wat onder die NVG gefuksioneer het) doen direk aan die Nasionale Polisiekommissaris verslag. 218 van die 244 voormalige DSO-ondersoekers het by die Valke aangesluit. Daar word beoog om teen Julie 2010 3 000 beamptes in diens te hê. (Van Rooyen 'Valkoog nou op land se misdadigers gerig' ***Beeld*** (2009-07-07) 4.)

Ten einde transitorooftogte te bekamp, word wetgewing oorweeg om minimum standaarde vir transitovoertuie vas te stel, veiligheidswagte sekerheidsklarings te laat doen en aan hulle opleiding en vuurwapens te verskaf. Daar word ook beoog om die Strafproseswet te wysig om dit moontlik te maak dat die polisie toegang tot 37-38 miljoen mense se vingerafdrukke (wat dwarsoor die staatssektor by verskeie departemente gehuisves word) kan kry om 'n nasionale DNS-databasis daar te stel (Alcock '"Shoot to kill" talk could bite back' ***Mail & Guardian*** (2009-06-26 to 2009-07-02) 2, Steenkamp 'Nathi: Polisie moet dié wat vlug weer kan skiet' ***Beeld*** (2009-07-05) 6).

Die Minister van Polisie oorweeg dit om ervare werklose polisiereserviste wat tegnies nie vir Polisiediens kwalifiseer nie, aan te stel om te help om misdaad te beveg (Van Rooyen 'Minister wil goeie, ervare reserviste in die polisiediens hê' ***Beeld*** (2009-07-07) 4). Ongeveer 12 900 lede van die polisiediens word as speurders opgelei (***Legalbrief*** (2009-06-05)). In 'n onlangse verklaring het die Minister van Polisie aangedui dat die prestasiebestuurstelsel vir die polisie heroorweeg sal word - gegewe die diens se onvermoë om die voorkoms van misdaad jaarliks met 7%-10% te laat daal. Hy het ook aangekondig dat die polisie voortaan resultaat-gefokus sal optree, en dat optrede teen verlore polisiedossiere en -vuurwapens verskerp sal word. Die polisie se rol in die beoogde grensbeheeragentskap en bekamping van kubermisdaad, asook die verbetering van die polisie se forensiese- en ondersoekvermoë is beklemtoon

(Essop 'Polisie-bonusse nie uitgemaakte saak, sê minister' *Naweek-Beeld* (2009-06-20) 4). Tydens 'n onlangse sitting van SKOOR (Staande Komitee oor Openbare Rekeninge) het die waarnemende polisiekommissaris en die provinsiale polisiekommissarisse telkens aangedui dat hulle nie in staat was om vrae wat deur SKOOR-lede gestel is, te antwoord nie. Dit het verder tydens die sitting geblyk dat aanklagkantore nie voldoen aan minimum vereistes nie (Steenkamp 'Futlose polisiebestuur weet nie wat aangaan nie' *Rapport* (2009-07-05) 6). Die beleidsraamwerk vir polisiëring wat in 2002 aangekondig is, is nog nie in 2009 voltooi of ingestel nie. Voorvalle van huishoudelike geweld word nie altyd aangemeld nie en daar word nie behoorlik rekord van sodanige voorvalle gehou nie. Koeëlvaste baadjies word dikwels ook nie aan polisielede uitgereik nie (Du Toit 'Waar's die planne? En wie?' *Beeld* 2009-07-02) 4).

Die aantal klagtes teen die Polisie het by die Onafhanklike Klagte-direktoraat vanaf 5 830 in 2007/2008 tot 6 119 in die tydperk 2008/2009 toegeneem. Die aantal sterftes in polisie-aanhoudings het ook van 792 tot 912 toegeneem. (*Legalbrief* (2009-06-26). Volgens 'n verslag is een van die redes waarom die lede van die polisiediens nie vinnig genoeg reageer nie, die feit dat 'n groot hoeveelheid van die lede nie kan bestuur nie. Die polisielede mag ook net by twee toetsstasies landswyd getoets word (*Legalbrief* (2009-05-04)). Ongeveer 500 polisie-offisiere is in die laaste jaar tydens interne verhore skuldig bevind aan moord, verkragting, aanranding, diefstal, korrupsie, drank- en dwelmmisbruik. In die tydperk 2008/2009 is 38 lede van die polisiediens aangekla van moord en/of skuldig bevind daaraan. 33 is van poging tot moord aangekla en 33 vir verkragting. 669 offisiere het in dissiplinêre verhore verskyn en 538 is skuldig bevind aan die klagtes wat teen hulle gemaak is. (Sien *Legalbrief* (2009-09-08)). Daarteenoor het die Wes-Kaap 'n nuwe inisiatief, die sogenaamde 'oorlogskamer', ingestel wat daartoe gelei het dat 15 000 verdagtes se bewegings ondersoek is. 1 218 van hulle is met vingerafdrukke aan misdade verbind en die optrede het tot 926 arrestasies gelei. Die polisie het 576 gesteelde voertuie teruggekry en 395 persone is in die verband gearresteer. (Sien *Legalbrief* (2009-06-05)).

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens Jaarverslag 2008/09 (http://www.saps.gov.za/saps_profile/strategic_framework/annual_report/index.htm), is gepubliseer waarin onder meer verwys word na die slaagsyfers van misdaadoplossing, die polisiediens se hulpbronkapasiteit, forensiese dienste en strategiese en operasionale prioriteitsgebiede van die SAPD. Die verslag meld dat die polisie: bevolkingsverhouding tans 1:335 is.

## Korrektiewe dienste

Die regterlike inspektoraat vir tronke, die Civil Society Prison Reform Initiative (CSPRI) en NIMRO het 'n beroep op die Departement van Korrektiewe Dienste gedoen dat ingehoudendes selfonderhoudend moet word. Volgens die inspektoraat bepaal wetgewing dat die DKD nywerhede moet skep en die arbeidsmag wat hy tot sy beskikking het (ingehoudendes)

gebruik om selfonderhoudend te word. Volgens die inspektoraat is talle jong ingehoudendes glad nie betrek by taakprogramme of werk nie (Essop 'Laat verveelde gevangenes werk en hulself onderhou' *Burger* (2009-06-18) 2). Nie alle gevangenisse maak behoorlik voorsiening vir die sorg van kinders wat nog onder vyf jaar is en by hulle ma in die gevangenis woon nie. 'n Spesiale eenheid vir ma's met klein kindertjies is in Oos-Londen geopen. Daar is diegene wat die stap bevraagteken, aangesien dit sou beteken dat vrouens met kinders beter behandeling kry as dié sonder kinders. Dit sou ook vrouens aanmoedig om swanger te word voor hulle gevonnis word. (Sien in dié verband Du Plessis 'Have children in prison reached a cell-by date?' *Saturday Star* (2009-08-29) 10.) Die Departement Korrektiewe Dienste se Jaarverslag vir die 2008/2009 finansiële jaar (www.dcs.gov.za) is gepubliseer waarin seker prioriteite vir die volgende jaar uiteengesit is.

In Desember 2007 het sekere wysigings op die Strafreg Wysigingswet 105 van 1997, soos beliggaam in die Strafreg (Vonnis) Wysigingswet 38 van 2007, in werking getree. Dit maak onder meer voorsiening daarvoor dat minimum strawwe en vonnisse in bepaalde omstandighede opgelê word. Dit maak byvoorbeeld voorsiening dat lewenslange vonnisstraf opgelê word by die pleeg van ernstige misdade soos moord, bendeverkragtings en verkragting van kinders jonder as 16. Daar is geen ouderdomsbeperkings aan dié strawwe gekoppel nie. Gevolglik kan kinders van 16 en 17 ook in bepaalde gevalle lewenslange gevangenisstraf opgelê word. Om hierdie rede het die Sentrum vir Kinderregte in openbare belang by die hoë hof aansoek gedoen om die betrokke bepalings ongrondwetlik te verklaar, welke aansoek suksesvol was (*Centre for Child Law v Minister for Justice and Constitutional Development* (saakno CCT 98/08 2009 ZACC 18 (2009-07-15) paras 8-14). Hierdie bevinding moes egter deur die Konstitusionele hof bekragtig word, wat tot die uitspraak in *Centre for Child* gelei het. Artikel 51 van die Strafregwysigingswet 105 van 1997 het minimum strawwe en vonnisse wat in bepaalde gevalle opgelê moet word, voorgeskryf. Hierdie bepaling het in 1998 in werking getree en sou aanvanklik net vir 2 jaar geld. Die geldingstydperk daarvan is sedertdien 'n paar keer verleng. Die 2007-Wysigingswet het egter die geldigheid daarvan permanent gemaak. Voor 2007 was daar 'n ander stel reëls van toepassing op kinders onder die ouderdom van 18 jaar. Kinders onder 16 is byvoorbeeld heeltemal van die gelding van die bepaling uitgesluit. Die effek van die 2007-Wysigingswet is egter sodanig dat kinders wat 16 en 17 was op die oomblik waartydens die misdryf gepleeg is, ook deur die minimum vonnisse geraak word.

Die Konstitusionele hof-uitspraak, per Cameron J, is soos volg gestruktureer: die minimum vonnisriglyne, kinderregte in die Menseregtehandves, die effek van die Wysigingswet en die regverdiging van beperking van kinderregte. Daar word kortliks na elk van die onderafdelings verwys. Die hof meld dat die nuwe riglyne, beliggaam in die Wysigingswet, 'n strenger en meer onbuigsame stelsel vir vonnisoplegging daarstel. Die benadering tot vonnisoplegging is in die proses verswaar. Meer oortreders

word effektief vir langer tydperke tronk toe gestuur (para 19). Die vraag wat vervolgens beantwoord moet word, is of die nuwe sisteem in lyn is met die Grondwet. Om hierdie vraag te beantwoord, ondersoek Cameron R artikel 28 van die Grondwet. Volgens hom is kinders liggaamlik en sielkundig meer weerloos as volwassenes. Kinders kan ook makliker as volwassenes beïnvloed word. Aan die ander kant is die kanse op sukses van rehabilitasie ook veel groter by kinders as by volwassenes (para 27). In hierdie omstandighede is dit egter ook belangrik dat vonnisoplegging ('detention') 'n laaste, eerder as 'n eerste uitweg, moet wees (para 31). Die Grondwet maak verder 'n onderskeid tussen persone ouer as 18 en persone jonger as 18. Daar is duidelike gevolgverskille tussen die groepe ouer en jonger as 18: 'For as long as the Bill of Rights stipulates that "child" means a person under the age of 18 years, its benefits and protections must be afforded to all those under the age of 18' (para 39).

Die effek van die nuwe vonnis-regime word in detail uiteengesit in paragrawe 40-49. Cameron R bereik die gevolgtrekking dat kinderregte, soos uiteengesit in die Grondwet, vir elke kind in sy/haar eiesoortige individuele omstandighede, geld (para 48). Die effek van die nuwe riglyne is dat kinders onder 18 se spesifieke omstandighede nie noodwendig in ag geneem word nie. Die slotsom word bereik dat 'the Amendment Act limits the rights in section 28' (para 49). Maar is die beperking van regte in hierdie omstandighede ooreenkomstig artikel 36 regverdigbaar? Vir hierdie doeleindes moet die inhoud van die fundamentele reg opgeweeg word teen die doel, belang en oogmerk van die beperking (para 51):

> From this it appears that government sought the enactment of the amendment to counter the detrimental social impact of scheduled crimes committed by 16 and 17 year olds, and that the purpose of the limitation is to elicit the social benefits that a legislative bulwark against them will deliver (para 53).

Ongelukkig was daar geen feite- of data-uiteensetting of empiriese navorsing waarvolgens die stellings van die staat, wat die nuwe riglyne ontwikkel het, geëvalueer kon word nie (para 54). Omdat die bewerings van die staat ongekontroleerd was, was die hof genoodsaak om die bevinding van die hoë hof - dat die beperking van regte ongeregverdigbaar en gevolglik ongrondwetlik is - te bevestig (para 64). Die bevel verklaar vervolgens dat artikel 51(1) en (2) van Wet 105 van 1997 ongrondwetlik is indien dit van toepassing is op persone wat jonger as 18 was toe die misdryf gepleeg is. Die uitspraak was nie eenparig nie. Die meerderheidbeslissing van Cameron R word deur Regters Langa, Moseneke, Mokgoro, O'Regan, Sachs en Van der Westhuizen onderskryf. Regter Yacoob het 'n minderheidsuitspraak geskryf wat ondersteun is deur Regters Ngcobo, Nkabinde en Skweyiya. Dié uitspraak het bevind dat die bepalings van die Wysigingswet inderdaad regverdigbaar en gevolglik grondwetlik is.

## *Verdediging*

Die Minister van Verdediging het regulasies uitgevaardig om voorsiening te maak vir die aanstelling van lede van die Reserwemag (GK R799 in *SK* 32453 van 2009-07-31; GK R714 in *SK* 32359 van 2009-07-01). Bylae A van die regulasies wat oor arbeidsverhoudinge handel en in *Staatskoerant* 26626 (2007-07-23) gepubliseer is, is onlangs gewysig (GK 595 in *SK* 32253 van 2009-05-29).

Die Departement van Verdediging se Strategiese Plan 2009 (http://www.dod.mil.za/documents/strategicbusinessplan/Strategic%20Business%20Plan%202009.pdf) is gepubliseer. Die naam van die Departement het verander na die Departement van Verdediging en Militêre Veterane ('Department of Defence and Military Veterans'). Die Departement het dit duidelik gemaak dat die administrasie van veterane 'n hoë prioriteit is, en dat hulle meer aandag sal geniet. Ondergeskikte wetgewing sal in die die volgende drie jaar finansiële tydperk (MTEF: 'Medium Term Economic Forecast') gepubliseer word om sodoende gevolg te gee aan artikel 82 van die Verdedigingswet 42 van 2002. Terselfdertyd sal die wetgewende raamwerk wat voorsiening maak vir militêre veterane hersien word. Volgens die Departement van Verdediging en Militêre Veterane se strategiese plan sal reserviste vir die finansiële jare 2009/2010 en 2011/2012 opgeroep word om die 'Core Growth - One Force' benadering te versterk. Die gevolg sal wees dat lede van die staande mag en reserviste as 'n geïntegreerde verdedigingsmag daartoe in staat sal wees om Suid-Afrika te verdedig. By wyse van die sogenaamde MSDS-program ('Military Skills Development System') beoog die Departement om basiese militêre opleiding aan 24 565 jong Suid-Afrikaners te verskaf. Die Departement beoog om daagliks 3 024 lede tydens die volgende drie jaar buite Suid-Afrika te ontplooi en te ondersteun.

Die Departement vorm deel van die volgende kabinetsgroepe: internasionale verhoudinge; vrede en sekuriteit; justisie, misdaadvoorkoming en sekuriteit; bestuur (regering) en administrasie en die ekonomiese groepe.

# Wapens

Die Noord Gautengse Hooggeregshof het op 26 Junie 2009 'n tussentydse bevel gegee in *The South African Hunters and Game Conservation Association v The Minister of Safety and Security* (saak nr 33656/2009). Die Hof het beveel dat alle vuurwapenlisensies soos omskryf in sub-item 1 van item 1 van bylaag 1 tot die Wet op die Beheer van Vuurwapens 6 van 2000 (die Wet) as wettig en geldig beskou moet word tot die finale uitspraak in die hoofaansoek. Hierdie interimbevel was onmiddellik van toepassing.

Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging het op 4 Junie 2009 'n dringende aansoek teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit gebring, waarin die Hof versoek is om die finale afsnydatum vir implementering van die Wet op 30 Junie 2009 uit te stel. Volgens die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging se persverklaring gedateer 8 Junie 2009 (http://www.sahunters.co.za/national/downloads/SAJWV_

Persverklaring_8_Junie_2009.pdf) het slegs sowat 700 000 van die nagenoeg 2 miljoen vuurwapeneienaars aansoek gedoen vir herlisensiëring van hul vuurwapens. Een van die redes hiervoor is die SAPD se gebrekkige kommunikasie en administrasie. Die SAPD kon byvoorbeeld nie betyds lisensieaansoeke prossesseer nie.

Uitstel is gevra sodat 'n plan bedink kon word hoe om die probleem van die beraamde 1.3 miljoen vuurwapeneienaars wat nie om herlisensiëring aansoek gedoen het nie, behoorlik aan te spreek, en om doeltreffendee bestuurstelsels vir herlisensiëring daar te stel.

Die hoofaansoek handel met die grondwetlike beginsels ten opsigte van die beskerming van privaat eiendom, die beginsel teen kriminele vervolging en die beginsels rakende billike administratiewe prosedures.

Na die uitspraak gelewer is, is 'n polisie belydsaanwysing gedateer 27 Junie 2009 (27/3/5 oor 42/1/2) (www.pacificbreeze353.com/.../SAPSDirective 27June2009ReCourtDecision.pdf) uitgereik. Hiervolgens is lisensies wat uitgereik is in terme van die (ou) Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969 steeds geldig. Eienaars met hierdie tipe lisensies bly wettiglik in beheer van hul vuurwapens en hulle mag nie vervolg word in terme van artikel 3 van die Wet nie. Dit sluit persone in wat nog nie heraansoek gedoen het vir lisensies nie of nie van hul vuurwapens ontslae geraak het soos deur die Wet voorgeskryf nie. In gevalle waar vuurwapeneienaars reeds ontslae geraak het van hul vuurwapens deur deaktivering, permanente eksportasie, vrywillige oorgawe aan die SAPD vir vernietiging, of deur dit te verkoop of te skenk aan 'n ander person of regsentiteit, moet sulke administratiewe prosesse voortgaan. Alle vuurwapens wat vrywilliglik aan die SAPD oorhandig is om vernietig te word, mag nie vernietig word nie tot verdere voorskrifte uitgereik is, en mag ook nie teruggegee word aan die eienaar nie. Persone wat vuurwapens verkoop of geskenk het en ingehandig het vir veilige bewaring by die SAPD mag dit afhaal indien so verkies. In gevalle waar die wettige eienaar aansoek gedoen het vir 'n tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit in terme van artikel 21 van die Wet, moet die aangewysde vuurwapenbeampte voortgaan met die administrasieproses en die tydelike magtiging uitreik. Die vuurwapen, saam met die vuurwapenlisensie, permit, magtiging en/of tydelike magtiging moet aan die wettige eienaar oorhandig word.

Alle stoorpermitte wat in terme van die vorige Wet uitgereik is, is steeds geldig tot die datum waarop die permit verval. In gevalle waar 'n persoon aansoek gedoen het vir die hernuwing van 'n lisensie en so 'n aansoek geweier is of die appèl onsuksesvol was, mag so 'n persoon steeds wettiglik in besit wees van die vuurwapen in terme van die vorige Wet. (Sien ook Van Rooyen '69-Vuurwapenwet nog geldig' *Beeld* (2009-07-16) 6.)

Die uitspraak in *Justice Alliance of South Africa v National Minister of Safety and Security* (saak nr 11206/08) is op 31 Augustus 2009 deur die Wes-Kaapse Hooggeregshof gelewer. JASA (die Geregtelike Alliansie van Suid-Afrika) en die Valsbaai skietklub het die Hof genader om 'n verklarende bevel dat die versuim deur die Minister om riglyne daar te stel (en die

daaropvolgende weiering om vergoeding te betaal na afloop van die vrywillige oorhandiging van vuurwapens aan die polisie), ongrondwetlik is. Artikel 137(5) van die Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 bepaal as volg:

> (5) Die Minister moet, in oorleg met die Minister van Finansies, riglyne vir die betaling van vergoeding instel, met inagneming van -
> (a) die finansiële beperkings op die Staat en sy vermoë om te voldoen aan werklike en verwagte vergoedingseise; en
> (b) die belange van persone wat aansoek gedoen het, of in die toekoms aansoek kan doen, om vergoeding.

Volgens die applikante druis die bogenoemde versuim in teen artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wat voorsiening maak vir regverdige administratiewe optrede. Verder is aangevoer dat meeste aansoeke om vergoeding uit die hand uit verwerp word, geïgnoreer word, of net weggebêre word (http://www.jasa.za.net/download/cases.html; Els 'Miljoene dalk gou aan wapeneienaars betaal' *Volksblad* (2009-09-01) www.volksblad.com; Prince 'Vuurwapens gaan polisie miljarde kos' *Rapport* (2009-09-05) www .rapport.co.za).

Die Hof het 'n aansoek om uitstel deur die Staat afgewys en bevind dat die versuim aan die kant van die Minister om riglyne daar te stel (soos voorgeskryf deur art 137(5) van die Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000) onregmatig en ongrondwetlik is. Die Minister is opdrag gegee om binne 90 dae riglyne daar te stel vir die betaling van vergoeding. Verder het die Hof die Minister beveel om persoonlik binne 120 dae vanaf die hofbevel terug te rapporteer aan die Hof deur middel van 'n eedsverklaring. Die Staat is ook beveel om JASA se regskostes te betaal, asook die regskostes van twee advokate.

Persone het reeds sedert 2004 in terme van hierdie Wet vuurwapens vrywilliglik by polisiekantore ingegee. Martin Hood, 'n prokureur en woordvoerder vir die Suid-Afrikaanse Vereniging van Wapeneienaars meen dat die vergoedingskoste verskuldig deur die Polisie reeds ongeveer R30 miljard beloop (sien ook Els 'Hof: "Gee geld vir Wapens!"' *Beeld* (2009-09-01) 4). Die Minister het na aanleiding van vrae in die parlement in 2009 aangedui dat daar in die tydperk 1 Julie 2004 to 31 Desember 2008 125 716 gelisensieerde vuurwapens by polisiekantore vir vernietiging ingehandig is. Daar is in dieselfde tydperk op 104 880 onwettige vuurwapens beslag gelê. Daar is 881 136 aansoeke om herlisensiëring wat nog geprosesseer moet word. Daar is na raming 4 miljoen wettige vuurwapens in die land. (Keppler 'Vuurwapens: "3 miljoen is nog nie gelisensieer nie"' *Beeld* (2009-08-12) 9).

Daar is bewerings dat Suid-Afrika wapentransaksies met lande soos Iran, Libië, Noord-Korea, Sirië en Venezuela aangaan, terwyl wapenhandel met dié lande strydig met EU en VN handelsbeperkinge kan wees. Daar word beweer dat die oorsigkomitee wat kragtens die Nasionale Wet op Konvensionele Wapenbeheer 41 van 2002 ingestel is, nie hulle taak behoorlik uitvoer nie (Du Toit '"Muishondlande" kom koop hier' *Beeld* (2009-08-03) 4).

Die regering aan die ander kant, wil die politieke party wat die bewerings maak, aanspreek omdat dié party moontlik die Wet oortree het deur die inligting bekend te maak (*Legalbrief Today* (2009-08-11)).

## Terrorisme

In die *Staatskoerant* is verskeie groepe wat terrorisme of verwante aktiwiteite pleeg of poog om dit te pleeg, of waarteen opgetree moet word om sodanige handelinge of aktiwiteite te voorkom, geïdentifiseer (Prok 47 in *SK* 32384 van 2009-08-08).

*Willemien du Plessis (NWU Potchefstroom))*
*Juanita Pienaar (US)*
*Nic Olivier (UP)*